**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS HIGHER LEVEL 8301/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing — 2 hours 30 minutes

Marks 60 — **2020**

Additional Material: Answer Book

HIGHER LEVEL

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Answer **all** questions.
- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence construction.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Beantwoord **al** die vrae.
- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en sinsformulering.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING A

Lees die **twee** leesstukke aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Leesstuk 1**

### Jag om te bewaar

Volhoubare benutting deur middel van jag is die beste vorm van bewaring, glo talle mense.

Dis 'n onweerlegbare feit dat Suid-Afrika en Namibië se wildlewe floreer en dat die getalle steeds besig is om te groei. 'n Klompie dekades gelede was daar 'n grootskaalse uitwissing van wild oor 'n gebrek aan beskikbare water, weiding en habitat. Wildbewaring was nie hoog op die agenda nie.

Maar dankie tog vir die versiendheid van sommige boere en ander bewaringsbewustes! Dit het gelei tot die stigting van meer nasionale wildtuine, wat baie doen om die fauna en flora vir die nageslag te bewaar.

Later het privaat wildboerdery begin, wat dien as 'n ondersteuningsnetwerk vir die bewaring wat deur wildtuine begin is. Die waarde wat wild vir die eindverbruiker het, verseker dat boere dit bewaar.

Mense buite die wildtuin se grense (veral die plaaslike bevolking) trek geen ekonomiese voordeel uit die wildtuin nie. Daarom kan dit hulle ook nie skeel as stopery daar plaasvind nie. As enige dier uit die wildtuin ontsnap , word dit gou-gou as 'n probleemdier geklassifiseer en van kant gemaak. Dit gebeur veral met roofdiere, olifante en seekoeie wat 'n gevaar vir mense kan inhou. Wildstropers en sindikate is ook een van die kopsere van wildtuine regoor Afrika.

Een van die groot probleme waarmee wildtuine en ook wildplase worstel, is die feit dat diere in geval van droogte in beperkte gebiede vasgepen word, terwyl hulle vroeër na ander gebiede kon beweeg.

Wildtuine kan slegs in sekere gebiede gevestig word en om hulle te bestuur, kos baie geld en vereis 'n konstante vloei van besoekers. Maniere om geld te maak, soos deur die verkoop van lewende wild, is nie vir wildtuine 'n opsie nie. Wildtuine word ook deur sommige inheemse mense as die speelplek van die ryk middelklas en buitelandse toeriste gesien.

Wildplase is egter oor die lengte en breedte van die land gevestig en beslaan alreeds 'n veel groter area as die wildtuine. Groot dele van die land is eenvoudig nie geskik vir vee-, vrugte-, graan- of groenteboerdery nie. Wild vaar veel beter in sulke gebiede. Deur wildboerdery dus oral te vestig, het die land se bewaringsbasis aansienlik vergroot.

Ander faktore het ook bygedra tot die suksesvolle vestiging van die bedryf: die behoefte van derduisende mense om wild vir eie gebruik te jag; die feit dat 'n jag- en ekotoerismevakansie op dieselfde wildplaas geniet kan word; die persoonlike, vriendelike diens deur jagplaaseienaars en die bekostigbaarheid van 'n jag- en/of eko-toerismevakansie wat wildboere bied.

Jagters wat in gebiede jag waar hulle konsessies moet kry, bewaar nie net wild nie, maar doen ook baie om die plaaslike gemeenskappe op te hef. Behalwe dat daar werksgeleenthede geskep word, word daar dikwels ook skole en klinieke opgerig.

Wildboere pas veel beter beheer oor hul wild toe as wat die nasionale parkerade dit oor wildtuine doen. Plase is kleiner en dit maak gereelde patrolliewerk en monitering van wild makliker as in ’n wildtuin. Dit stel wildboere dus in staat om bedreigde spesies, soos die renoster, veel meer suksesvol te bewaar as wat wildtuine kan doen. Sedert 2011 is reeds meer as 201 renosters gestroop, met ’n finansiële waarde van meer as N$281 miljoen. Van die 201 renosters is 137 in die Etosha Nasionale Park, 40 in bewaringsgebiede en 13 op privaat plase gestroop.

Wild wat vir jag- en teeldoeleindes aangehou word, verseker ook dat hul getalle landwyd baie gesond toeneem. Skaars wildsoorte soos swartwitpense, bastergemsbokke, tsessebes en vele ander tipes wild se getalle het drasties toegeneem as gevolg van wildboerdery. Met die gevolg dat hierdie diere nou uitgedun moet word. Deur hulle vir jagters aan te bied, kry die wildboer dus ’n goeie addisionele inkomste wat sy ekotoerisme en teelbedryf ondersteun.

Weens die stygende getalle en geredelike beskikbaarheid van wild, behoort die pryse hopelik te stabiliseer en selfs effens te daal, wat tot voordeel van die jagter en toerisme sal wees.

Wat die jagbedryf betref, is daar egter ook hindernisse. Trofeejag steek nog vele dwars in die krop. Die grootste wanpersepsie is seker dat trofeejagters net die horings, vel en/of die ivoor gebruik en die res van die karkas onbenut in die veld agterlaat. Niks is verder van die waarheid nie. Elke krieseltjie vleis word benut en in die geval waar jag in konsessiegebiede plaasvind, word die vleis aan die plaaslike bevolking geskenk of baie goedkoop aangebied.

Jag is beslis nie die enigste manier hoe ons wild kan bewaar nie, maar dis in ons moderne wêreld beslis een van die bestes, indien nie dié beste manier om volhoubare benutting en bewaring te verseker nie. In jag is daar elke keer ’n eindverbruiker wat verseker dat wild ’n geldwaarde het.

Sonder hierdie geldwaarde is daar geen aansporing om wild te bewaar nie en kan sekere spesies uitsterf. Ons sal moet kies: geen jag en bitter min of selfs geen wild nie, of jag en gesonde wild oraloor in die land, wat ook ekotoerisme tot voordeel strek.

*(http://www.netwerk24.com/landbou/Wild/SA-Jagter-Hunter/jag, 2017.09.15 verwerk)*

**Leesstuk 2**

## Jagbedryf is kos vir bewaring

Daar is vele sienswyses oor die jagbedryf, maar vir bewaringsdoeleindes kan geen projek die jagbedryf klop nie, glo baie mense.

Om te jag, beteken dat wilde diere volhoubaar benut word. Vir die wildplaaseienaar moet die diere wat hy aanhou, onderhou word om te verseker dat hy ’n inkomste uit jag verdien. En om daardie verskillende diersoorte aan te hou, moet die eienaar die habitat waarin hulle voorkom, goed oppas. Biodiversiteitsbewaring word beter toegepas omdat dit vir die wildplaaseienaar ekonomiese waarde het.

Daar is min wildplase wat ekonomies lewensvatbaar is deur ekotoerisme alleen omdat ekotoerisme eerder op buitelandse toeriste gerig is. Hierdie toeriste se direkte invloed is beperk, want hulle sal byvoorbeeld nie geld in landelike gebiede rondom die wildplaas bestee nie. Daar is dus geen voordeel vir die plaaslike bevolking in gebiede rondom wildplase en wildtuine wat slegs op ekotoerisme konsentreer nie.

Bewaring kan nie op toerisme alleen staatmaak nie. Toerisme verdien maar ’n baie klein inkomste wat vir bewaring aangewend kan word. Die inkomste wat jag daarteenoor vir bewaring verdien, beteken dat dit die oplossing bied vir die bewaring van diersoorte in die land. ’n Dier moet ’n ekonomiese voordeel vir die plaas inhou om aangehou te kan word.

Daarom is dit so belangrik dat die bestuur van wild ekonomies moet wees. Dit maak finansieel gesproke ook sin om met wilde diere te boer aangesien dit makliker is om wild in droër gebiede aan te hou as groot- of kleinvee omdat die wild beter by die omgewing aangepas is. Die koste is ook laer omdat dit in die meeste gebiede van die land onnodig is om wilde diere in te ent of teen siektes te doseer.

Daar is keer op keer bewys dat, waar wildplaaseienaars ekonomies begin boer, hulle binne drie jaar ook ’n etiese en estetiese benadering begin volg. Gevolglik word beter na die wild se bestuur en habitat omgesien.

’n Woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging meen dat wat bewaring en jagtersverenigings betref, jagters loshande van die grootste bydraers tot dié bedryf is. Hulle bydraes word nie net vir die aankoop van diersoorte gebruik nie, maar word gebruik om plante en die omgewing te help bewaar en lewer ’n groot bydrae om renosterstropery te bekamp.

“Een van die grootste kwelpunte tans in die jagbedryf is die toename in korporatiewe jagtogte. Dit bly ’n problem vir die bedryf aangesien hierdie jagtogte dikwels gepaardgaan met die oormatige gebruik van alkohol, diere wat links en regs gekwes word, en die onveilige hantering van vuurwapens,” sê die woordvoerder.

Dit is glad nie hoe ’n jagtog veronderstel is om te wees nie, en jagverenigings is gekant teen hierdie gebruik. Wildplaaseienaars moet hierdie misbruik stopsit. Jagters het die verantwoordelikheid om wilde diere vir die nageslag te bewaar.

Volgens die woordvoerder gaan jagters nie jag om ekotoeriste te wees nie. Jag is egter ook nie slegs wanneer die sneller getrek word nie. Solank die emosionele snare oor jag getokkel word, sal ’n deel van die land se bevolking teen jag gekant wees sonder dat hulle werklik die waarde daarvan verstaan.

"Jagverenigings is trots daarop om 'n bewaringsgesig te kan hê en ons roem ons daarop dat ons tans die grootste nieregeringsorganisasie vir bewaring in die land is," sê die woordvoeder.

*(http://www.netwerk24.com/landbou/Wild/jagbedryf-is-kos-vir-bewaring 2017.09.15* verwerk*)*

**1** **(a)** Albei leesstukke handel oor die jagbedryf. Gebruik die inligting in albei leesstukke en maak 'n opsomming van die voordele van jagplase.

**(b)** Gebruik die inligting in albei leesstukke en wys op die belangrikste verskille tussen wildplase en wildtuine.

Jou antwoord moet ongeveer **350** woorde wees.

**[20]**

**2** Bewaring is 'n kwessie wat elke landsburger raak. Jy is gevra om die plaaslike bewaringsvereniging toe te spreek oor die rol wat wildplase en wildtuine in die bewaring van ons plant- en dierelewe speel.

Skryf jou toespraak in ongeveer **250** woorde.

Gebruik die inligting in die twee leesstukke, maar voeg ook van jou eie idees by.

**[20]**

## AFDELING B

Lees die volgende leesstuk en voer dan die opdrag uit.

### Etiket vandag

Moderne etiketreëls lyk gelukkig vandag veel anders as voorheen en verander boonop net so vinnig as hedendaagse tegnologie. Hoe gemaak om by te bly?

Jare gelede het etiket dinge behels soos wanneer jy jou hoed moet dra of afhaal, wanneer jy die tafel ná etenstyd mag verlaat of hoe vroue hul bene moet kruis!

Vandag geld etiketreëls steeds en raak dit ook die gebruik van selfone, sosiale media en sosiale geleenthede.

Een van die algemene selfoonflaters is ’n foon wat kliphard in ’n openbare plek lui – en dan beantwoord word! Dit geld vir plekke waar ander mense noodgedwonge jou gesprek moet volg, soos in ’n vliegtuig, ’n teater en ’n restaurant.

Waak daarteen om jou foon dop te hou in die geselskap. Dit laat mense voel asof jy iets beters of interessanters het om na te kyk. Sit liewer jou foon weg as jy in geselskap is.

Indien jy ’n oproep verwag, lig die geselskap aan die begin van die kuier in. As jou foon lui, verskoon jouself en gee ’n rede hoekom jy die oproep moet beantwoord. Beantwoord die oproep en vra ’n oomblik om uit te stap voordat jy die gesprek hervat.

Die laaste paar jaar het selfoontoepassings om boodskappe te stuur die manier verander waarop ons kommunikeer. WhatsApps is maklik en gerieflik, maar kan maklik misbruik word.

Wees ook versigtig om selfoonboodskape baie laat in die aand, gedurende die nag of baie vroeg in die oggende te stuur.

*(Vrouekeur*- 18 Mei 2018, verwerk*)*

**3** Selfone kan erg steurend wees. Jy moet ’n artikel vir jou skoolkoerant skryf oor etiket in die gebruik van sosiale media vandag.

Gebruik die inligting in die leesstuk, maar voeg ook jou eie idees by.

Skryf jou artikel in ongeveer **300** woorde. **[20]**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**